# DIE SKIETLOOD

187ste Uitgawe 19 Februarie 2021

saam met Koersvas 1876


## Die Dordtse Leerreëls

**Eerste hoof leerstuk; aangaande die Goddelike predestinasie**

Verwerping van die dwalings waardeur die Nederlandse Kerke 'n tyd lank in beroering gebring is:

**Teks**

*3. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die welbehae en voorneme van God, waarvan die Skrif in die leer van die uitverkiesing melding maak, bestaan nie daarin dat God sekere, bepaalde mense bo ander uitverkies het nie. Dit bestaan daarin dat God uit alle moontlike voorwaardes - soos byvoorbeeld die werke van die wet - of uit die orde van alle dinge, die wesenlik onverdienstelike daad van die geloof en die onvolmaakte gehoorsaamheid daarvan tot 'n voorwaarde vir die saligheid uitverkies het. Dit sou Hy dan genadiglik wou reken as 'n volkome gehoorsaamheid en dit waardig ag om met die ewige lewe te beloon. Die Sinode leer: Hierdie skadelike dwaling maak die welbehae van God en die verdienste van Christus kragteloos. Terselfdertyd word die mense deur nuttelose vrae van die waarheid van die genadige regverdigmaking en van die eenvoud van die Skrif weggelei. Daarmee word hierdie uitspraak van die apostel as onwaar bestempel: "God het ons geroep met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is" (2 Timoteus 1:9).*

**Verklarende opmerkings**

Die volgelinge van Arminius het op verskillende vlakke in hulle argumente met vreemde konsepte gewerk. So het hulle die onderskeid getref tussen mens en werk in terme van die leer aangaande die uitverkiesing. Hierdie misleidende onderskeid het tot gevolg gehad dat hulle daad en persoon van mekaar kon skei en dan binne die raamwerk van hierdie onderskeid met 'n interpretasie kon kom rakende die uitverkiesing wat op sy beste as onpersoonlike teorie verstaan kan word.

Die wortel van hulle dwaling is daarin geleë dat hulle soek na die voorwaardes waaronder die uitverkiesing plaasvind. Die mens wat so redeneer soek in sy genetika, sy denke, oortuigings, dade, besittings of geloof die voorwaardes waaraan voldoen kan word om gered te word.

Hulle argument was dat God se welbehae elders as in die persoon geleë moet wees. Die verskillende persoonlikhede wat bestaan sou dit moeilik maak om 'n besondere persoon se persoonlikheid aan te dui as die tipe persoon wat deur God uitverkies word. Hoor 'n oomblik die argument: Verkies God die ekstrovert of die introvert, die joviale persoon of die man van erns, die toegewyde vriend of die allemansvriend? Dieselfde vraag kan ten opsigte van verskillende kategorieë getref word. Dit is in so moeilike situasie maklik om die fokus van die persoon te verskuif na handelinge en werke.

Die oomblik wat die uitverkiesing onpersoonlik is, kan alle persoonlik-

heidstipes geakkommodeer word. Die probleem is natuurlik dat hulle weggeskram het van die konsep "bepaalde mense". Hulle verstaan van die mens, saam met 'n spesifieke verstaan van God, was die rede vir hulle dwaling.
Die Remonstrante het na verskillende redes gaan soek vir die uitverkiesing. Hulle het verkies om op werke te fokus en verskillende opsies teen mekaar opgeweeg. Dit was hulle oortuiging dat God na verskillende opsies gekyk het en op 'n stel voorwaardes besluit het wat sal lei tot uitverkiesing en saligheid. Sonder om al die opsies te ondersoek het hulle die toewyding aan goeie werke as voorbeeld uitgelig. Hulle bewering is dat God besluit het om nie op grond van die werke iemand deel te maak van die uitverkiesing nie.
Die probleem is natuurlik dat die sondaar mens nie by magte is om enige daad of aktiwiteit of gedagte volmaak en voltooid te produseer nie. Dit maak volgens die Remonstrante nie saak watter voorwaarde God sou stel nie, die mens nie volkome daaraan sou kon voldoen nie, Ten spyte daarvan het God gekies om één saak uit te sonder naamlik; die wesenlik onverdienstelike daad van die geloof en die onvolmaakte gehoorsaamheid van sodanige geloof. Die Latynse teks dui aan: "*possibilibus conditionibus*" - uit al die moontlike voorwaardes.. God het met ander woorde geloof en gehoorsaamheid tot 'n voorwaarde vir die saligheid uitverkies. Dit kom daarop neer dat die vae, onduidelike uitverkiesing duidelik word in die teenwoordigheid van geloof en gehoorsaamheid. God het met ander woorde nie mense uitverkies nie, maar mense wat aan die uitverkore dade voldoen, uitverkies.
Saam met hierdie uitverkiesing van die daad (werk) kom daar nog 'n stuk genade. God vul die geloof en gehoorsaamheid - hoe gebrekkig dit ookal mag wees - aan tot die mate dat daardie geloof en gehoorsaamheid die ewige saligheid waardig is. Genade kom hier op die onmoontlike glyskaal van aanvulling. Diegene met vaste geloof en ongekende gehoorsaamheid, het nie soveel genade nodig soos diegene wat skaars glo en met moeite by gehoorsaamheid uitkom. Die versweë implikasie is dan ook dat nie almal ewe veel genade nodig het of ontvang nie. Hierdie konsep druis in teen die hele boodskap van die Skrif.
Daarmee saam plaas dit die volle genade wat Christus aan die kruis bewerkstellig het, op dieselfde glyskaal van relatiwiteit. Nie almal het Jesus se kruisdood ewe nodig nie - sou hierdie gedagtegang as waar aanvaar word. Dit is daarom geen vreemdheid dat die sinode hierdie aspek van die Remonstrante se leer verwerp het nie.
Die argumente wat aangevoer word is redelik duidelik, en tog kan dit aangevul word met hedendaagse perspektiewe. Die welbehae van God verwys na God se ingesteldheid ten opsigte van die mens. Sou God se welbehae wees in dinge of aksies, is die Here in wese materialisties en ingestel op die oppervlakkige. Om God se welbehae te vervlak tot dinge en dade grens aan lasterlike verwysings. Dieselfde geld Jesus se verdienste. Dit is verdienste wat aan mense gegee word, nie dinge nie. In die meer verfynde benadering waar aanvaar word Jesus se verdienste

word aan mense gegee, word daar tog gedwaal in die sin dat Jesus se verdienste aanvullend is, en nie as God se primêre redding verstaan kan word nie.
Die Remonstrante het hulle inderdaad met nuttelose vrae mislei en selfs vir Paulus tot leuenaar verklaar.

**Teks**
*4. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die voorwaarde wat vir die uitverkiesing tot die geloof vereis word, is dat die mens die lig van die natuur reg moet gebruik en vroom, klein, nederig en geskik vir die ewige lewe moet wees - asof die uitverkiesing op die een of ander manier van hierdie dinge sou afhang. Die Sinode leer: Dit klink na Pelagius en is in stryd met die leer van die apostel waar hy skrywe: Ons het vroeër gewandel in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van ons vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander. Maar God, wat ryk is in barmhartigheid het ons deur sy groot liefde waarmee Hy ons liefgehad het, toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus - uit genade is julle gered - en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus, sodat Hy in die eeue wat kom, laat betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus. Uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. (Efesiërs 2:3-9).*

**Verklarende opmerkings**
Daar is geen voorwaarde in die uitverkiesingsleer te vinde nie. Dit is die mens se fout om die konsep van voorwaarde in die gesprek aangaande die uitverkiesing in te bring. Die oomblik wat uitverkiesing nie in God nie, maar in voorwaardes gesoek word, is die tafel gedek vir al hoe fyner nuanses en klemverskille. Deur oortuig te wees dat die voorwaarde vir die uitverkiesing in die geloof (en gehoorsaamheid) gevind kan word, moet hierdie saak uitborduur word.
Daar kan nou maatstawwe en aksies opgenoem word wat dien as bakens en rigtingwysers vir die mens wat in die uitverkiesing wil deel. Die lig van die natuur - met ander woorde die openbaring wat ons terugvind in die skepping - moet reg gebruik word. Deur die natuur fyn te bestudeer en met die regte invalshoek te begin, kan die mens hierdie onderneming suksesvol begin.
Hierdie ondersoek moet met 'n sekere ingesteldheid onderneem word. Die mens wat in eerlike vroomheid, klein en nederig gaan wees, is hiervolgens per definisie geskik vir die ewige lewe. Die Latyn stel "*æternam dispositus"*, met ander woorde iemand wat 'n ewige bestaansdisposisie het, daartoe geneig is om na die ewige lewe te gaan. Die woord 'geskik' dui inderdaad hierdie grondposisie aan. So al asof die verkiesing aan enige van hierdie dinge toegeskryf kan word.... " *Pelagium enim sapiunt*" - In hierdie voorstel hoor mens duidelik die gedagtes van Pelagius terug.
Pelagianisme - is die Christelike teologiese dwaling wat stel dat die sondeval (oersonde) nie die mens se

natuur geskaad het nie en dat die mens die vrye wil het om menslike volmaaktheid te bereik sonder die goddelike ingrype deur genade. Die opstellers van Dordt was korrek in hulle karakterisering van hierdie gedagte as verwant aan Pelagius se benadering.

Hierdie benadering van die Remonstrante is ook nie te versoene met dit wat ons in Efesiërs 2:3-9 lees nie. Hierdie teksgedeelte dui duidelik aan dat alle mense sondig is en van nature God en mekaar haat. Daar is geen ingebore geskiktheid vir die ewige lewe nie. God red ons uit louter genade, geen mens kan uit eie dade of waardigheid of ingesteldheid homself red nie. God het in Jesus Christus, en in Hom alleen, opgetree uit liefde en genade. Ons gaan die ewige lewe ontvang op grond van dit wat God gedoen het, hoe God oor ons voel en wie God is.